Kykers kloof hare oor Idols-kapsels
Liezel van der Westhuizen sê sy vat nie die kritiek oor haar haarstyle kop toe nie.

Rapport

Egoli se skurk is terug
Die slinkse Krynauw du Buisson is met mening terug in Egoli - Plek van Goud...

Weer

	min	maks
Bfn	15°C	27°C
Kpstd	14°C	26°C
Jhb	15°C	26°C

15/06/2002 17:10 - (SA)

By dié huis van liefde is elke kind waardevol

Zelda Jongbloed

Druk artikel
E-pos storie aan 'n vriend

Nicholas is sy naam. Klein vir sy sowat drie jaar, strek hy sy arms sonder enige terughoudendheid met 'n "tel-my-op"-gesiggie uit. Sit dan rustig sy kop op jou bors en begin om jou gesig met klein handjies te verken.

Tony Palmer, uitvoerende hoof, hoef nie te bevestig dat Acres of Love, 'n tuiste vir weggooikinders met MIV/vigs in die rykmansbuurt Bryanston, 'n plek van hoop en liefde is nie.

Nicholas is die beliggaming daarvan.

Acres of Love het in 1998 in 'n woonhuis langs die Jukskeirivier begin.

Sedert Desember verlede jaar is twee buurhuise aangekoop en die huise is tans 'n tuiste vir sestien vigswesies.

Die kinderhuis, wat begin is deur Gerda Audagnotti omdat sy graag vir weggooikinders met vigs dit wou gee wat haar eie kinders in oorvloed gekry het - tonne liefde, goeie mediese versorging en 'n huislike atmosfeer, is in 'n veiligheidsdorp. Oor die redes vir die stigting van die tuiste vertel Gerda dat sy deur die jare heen diep geraak is deur die behoeftes van wesies wêreldwyd.

"My man, Ryan, het altyd gesê hy weet presies watter boek ek sal kies of watter tydskrif- of koerant-artikel my aandag sal trek. Begin 1998 het ek Acres of Diamonds van Russel H. Conwell gelees. Hy het die Temple-universiteit en die Temple-hospitaal in Philadelphia in Amerika begin. Die hospitaal is begin juis omdat die behoefte aan mediese hulp groot was. Conwell se benadering was: huur 'n kamer en 'n verpleegster en begin.

"Wat my gë?nspireer het, was dat ons nie hoef te wag om iets groots te gee nie, maar wel moet gee wat ons kan."

Gerda en Ryan het die huis in Bryanston, wat die eerste Acres of Love-huis geword het, jare lank verhuur. "Ons het die gesondheidsdepartement se goedkeuring gekry, veranderings aangebring en aansoek gedoen om kinderhuisstatus."

Die wesies word daarheen gestuur deur onder andere die polisie of die howe.

Gerda sê die grootste inspirasie daarna was die gemeenskap se betrokkenheid. "Ek het besef mense wil help - hulle weet net nie altyd waar en hoe nie. Die skole in die omgewing soos St. Stithians College, Brescia House en Bryanston High het Acres of Love hul gemeenskapsprojek gemaak. 'n Ma moet maar altyd die jong, vrywillige werker aflaai en voordat jy weet, is die ma ook betrokke.

"Kerke, dokters en selfs die hospitale is betrokke op een of ander manier. Die oortollige skenkings en kos stuur Acres na 'n plakkerskamp naby ons."

Gerda en Ryan woon deesdae in Amerika, waar hulle vir Acres geld insamel. Die grootste deel van die finansiering kom van Amerika.

Volgens Palmer is die belangrikste rol van die vrywilligers om die wesies liefde te gee. Hulle kom speel met hulle, help hulle voed, trek hulle skoon aan of hou net die kindertjies vas.

"Acres of Love is nie 'n plek waarheen vigswesies kom om te sterf nie. Hulle kom om te leef in wat hul tuiste word."

'n Deel van die taak is om vigswesies wat ná behandeling (goeie kos en mediese sorg) negatief toets deur aannemingsagentskappe aangeneem te kry. Sestig van Acres se kinders is al aangeneem in Suid-Afrika, Swede, Duitsland, Kanada en Amerika.

Vind
DirectAxis-Lenings
Reis en Verblyf
Motor- & huisversekering
Kry R100 gratis by Piggs Peak
Werkgeleenthede
Afrikaanse boeke
Rapport-foto's

Stem
Moet parool enigsins om gesondheidsredes toegestaan word?
Ja
Nee
Stem
Resultate
Vorige Resultate

Vind ou vriende

Kies jou skool se provinsie
Kies
en klik op die eerste letter van jou skool
A B C D E F G H I J K L M N O P Q R S T U V W X Y Z

VIR ALLE GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES
NETADS 24
Alle Kategorieë
SOEK
Plaas jou **GRATIS** advertensie hier!
SOEK | KOOP | VERKOOP

Vir die res bly die huis 'n tuiste tot ná hul universiteitsopleiding.

Oor sy betrokkenheid by die huis vertel Palmer dat hy tot verlede jaar in Italië gewoon het waar 'n blink toekoms in die ontwerp van vliegtuie en satelliete op hom gewag het. Hy wou nog altyd terugkeer Suid-Afrika toe en toe die wekroep kom, het hy teruggekeer.

Hy is onder meer ook in beheer van bemarking en geldinsameling. Die huis se eerste groot geldinsamelingsgeleentheid was onlangs in Honeydew, waar sowat R180 000 ingesamel is, genoeg om as deposito te dien vir die derde huis wat aangekoop is.

Oor die toekoms sê Palmer die mikpunt is om sowat duisend soortgelyke tuistes in goeie buurte dwarsoor Suid-Afrika te vestig.

Janis Evans bestuur tans die huis.

Van haar sê Gerda: "Sy is werklik geroepe, is vol liefde vir die kinders en laat almal altyd welkom voel by Acres of Love. Sy beskou elke kind as waardevol en uniek en gee liefdevol leiding aan die vrywillige werkers.

"Elke kindjie wat na Acres kom, is gebroke en verwerp en om ná 'n tydperk die verandering in hul lewe te sien, is vir my die wonderlikste."

Saam met Palmer en Evans is daar sewentien permanente personeellede.

Huur 'n Kar Suid-Afrika
Goedkoop Onbeperkte KM Motorhuur in Suid-Afrika vanaf R206 per dag!
www.capespirit.com/suid

-- Top stories in hierdie kategorie --

Rapport

PROMOSIE

Bespaar NOU met OUTsurance!
Kommer stygende lewenskoste jou? Kliek hier en kry 'n kwotasie sommer vandag nog en spaar maandeliks op jou versekering!

Laaik.it

Kry Rapport op jou Facebook-profiel

Kliek hier vir groot afslag as jy inteken op Rapport!

Terug na bo | Meer oor Rapport | Adverteer in Rapport | Kontak ons

online publishers association member

Terug na bo